

PERSVERKLARING

Beweerde aantygings deur mnr. L. Montana LP soos berig in Independent Newspapers op 7 Oktober 2025

Tshwane, 7 Oktober 2025 — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van mediaberigte deur Independent Newspapers waarin beweer word dat mnr. Lucky Montana LP “klagtes gelê” en “kriminele klagtes ingedien” het teen SARS, na bewering omdat SARS “bedrieglik ’n vervalste hofuitspraak gefabriseer het om ’n groot belastingaanslag te regverdig”.

Daar word verder beweer dat mnr. Montana openbare aantygings teen SARS gemaak het van “wanadministrasie, magsmisbruik en ’n polities-gemotiveerde heksejag”.

Hoewel SARS gewoonlik nie openlik reageer op belastingpligtiges wat by dispuutprosesse betrokke is nie, moet hierdie valse aantygings onmiddellik aangespreek word. Dit is noodsaaklik om die nodige agtergrond tot hierdie saak te verskaf.

Proses van skuldinvordering oor die algemeen:

Die Wet op Belastingadministrasie lê ’n statutêre verpligting op SARS om te sorg vir die doeltreffende en effektiewe invordering van belasting. Hierdie proses kan insluit dat SARS ’n gesertifiseerde verklaring by die klerk of registrateur van ’n bevoegde hof indien waarin die bedrag wat betaalbaar is uiteengesit word — waar toepaslik in sekere omstandighede.

In so ’n geval word ’n lasbrief van eksekusie uitgereik en uitgevoer in die gewone verloop van skuldinvordering. Hierdie gesertifiseerde verklaring, wat regmatig ten gunste van SARS uitgereik word, word dan gebruik om die belastingpligtige se skuld te verhaal.

Dit is gevestigde reg dat so ’n gesertifiseerde verklaring, deur SARS verkry by ’n hof met bevoegde jurisdiksie oor die belastingpligtige, as ’n siviele uitspraak hanteer word vir doeleindes van skuldinvordering.

SARS ontken ten sterkste dat dit “bedrieglik vervalste hofuitsprake gebruik om groot belastingaanslae te regverdig”.

Saakseleksie oor die algemeen:

SARS is 'n staatsinstelling en onderhewig aan die Grondwet en die Handves van Regte. Die instelling pas die belasting- en doeane-wette wat dit administreer, op 'n regverdige, deursigtige en onpartydige wyse toe — sonder enige eksterne invloed.

Geen enkele persoon binne SARS kan alleen besluit wie ondersoek of geoudit moet word, of met wie 'n belastinggeskil geskik moet word nie.

SARS maak gebruik van geoutomatiseerde, kunsmatige intelligensie- (KI-) gebaseerde, risikogedrewe, databasis- en navorsingsformulerings vir saakseleksie.

Die seleksie van sake vir ondersoek of oudit is onderhewig aan verskeie toesigmeganismes. Komitees met duidelike bestuursreëls oorweeg en implementeer sekere aktiwiteite. Hierdie komitees bestaan ingevolge wetgewing, beleid of bestuursmeganismes en bestaan uit persone met die nodige kundigheid, wat self aan toesig onderhewig is.

SARS is 'n semi-outonome openbare instelling met spesifieke statutêre verpligtinge, en het nog altyd sy werk onafhanklik en onpartydig uitgevoer.

SARS ontken uitdruklik enige sogenaamde “polities-gemotiveerde heksejagte”.

Die modus operandi van valse aantygings om te verdoesel, vertraag, af te lei en onnodige drama te skep:

Dit het algemeen geword dat sommige individue wat die gevolge van hul eie optrede in die gesig moet staar, probeer om te verdoesel, aan te val en afleiding te skep deur misbruik te maak van formele klagte-, toesig- en ondersoekmeganismes, en deur valse en ongegronde aantygings of klagtes te lê.

Ons onlangse geskiedenis is gevul met voorbeelde van persone wat probeer het om die media en ander openbare platforms te infiltrer en te manipuleer om vals narratiewe te bevorder vir twyfelagtige doeleindes.

Dieselfde geld vir die misbruik van regstoepassingsagentskappe om bloot sensasionele opskrifte te bewerkstellig.

In hierdie verband werk SARS met verskeie agentskappe binne die strafregstelsel saam om te bepaal hoe hierdie praktyk beperk kan word, aangesien dit tyd en waardevolle hulpbronne van wetstoepassers vermors.

Beroep op die media:

SARS doen 'n beroep op die media om deeglike feitekontrole toe te pas en om hulle vertrouwd te maak met die toepaslike wetlike en administratiewe prosesse voordat daar oor blote bewerings berig word.

SARS, die media, en inderdaad alle burgers van Suid-Afrika is dit aan die eerlike en hardwerkende staatsamptenare verskuldig om eers die motief van die aantyging te bepaal, krities te wees oor wilde bewerings en feite te bevestig voordat eensydige berigte versprei word.

Dit verhoed niemand om enige regs middel van wetstoepassingagentskappe te benut waar daar wel 'n saak bestaan nie. Maar in hierdie geval bestaan daar nie een nie.

“Aankla” en “klagtes lê”:

Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) is ingevolge Artikel 179 van die Grondwet ingestel en is die enigste instelling wat mag besluit om enige persoon, instansie of regsentiteit krimineel aan te kla en om te bepaal watter aanklagte gelê kan word.

Niemand anders as die NVG kan SARS of enige van sy amptenare aankla nie.

SARS mag belastingpligte-inligting openbaar maak om valse aantygings te weerlê:

Met inagneming van mnr. Montana se bewerings sal SARS, tot nodige mate, Artikel 67(5) van die Wet op Belastingadministrasie toepas wat SARS toelaat om belastingpligtige-inligting wat andersins as vertroulik beskou word, openbaar te maak om valse aantygings teen SARS en sy prosesse te weerlê.

SARS sal vir eers geen verdere openbare kommentaar oor hierdie saak lewer nie, totdat mnr. Montana ingevolge Artikel 67(5) in kennis gestel is om hierdie valse, lasterlike en uittartende aantygings binne 24 uur terug te trek.

Indien hy versuim om dit te doen, sal SARS verplig wees om die andersins vertroulike belastingpligtige-inligting openbaar te maak om die wanpersepsie reg te stel.

Slotopmerking:

SARS moedig belastingpligtiges, wat in dispuut met SARS is, aan om van bestaande dispuutoplossingsmeganismes gebruik te maak om enige griewe te aan te spreek.

Vir verdere inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.